DF Fokus 4/2010

HOëRSKOOL D.F. MALHERBE

Tel.: 041-5813145 **E-pos**: dfm@telkomsa.net
Faks: 041-5813118 **Datum:** 5 Mei 2010

****

Geagte ouer(s)/voog(de)

GELUKWENSINGE

Hartlik geluk aan die volgende Malherbiete en hul ouers:

DRAMA: Louis Keyter en Amari Annandale het deurgedring tot die Stad Kaapstad Toneelspelkompetisie vir Hoërskoolleerders. Dit is ‘n puik prestasie, aangesien ± 400 leerders deelgeneem het. Hulle gaan op 6 Mei in die Kunstekaap-Teater in Kaapstad aan die finale deelneem.

SKAAK: Toshka Barnardo het aan die SA Junior Skaakkampioenskap deelgeneem. Tydens die spankompetisie het sy 5 uit 5 wedstryde gewen. Met die individuele kompetisie het sy in die ouderdomsgroep 16-20 gespeel en 3 gewen, 3 gelykop en 2 verloor (onder 18 en 20 kampioene). Sy het die algehele 6de plek behaal met ‘n totaal van 5.5 punte (die wenner het 6 gehad). Sy is gevolglik uitgenooi om aan die SA Junior geslote Kampioenskap in Pretoria deel te neem. Hier het sy ‘n totaal van 9 wedstryde in die o/16 groep gespeel, waarvan sy 4 gewen, 4 gelykop gespeel en 1 verloor het. Sy het ‘n totaal van 6 uit 9 gehad, wat haar ‘n algehele 3de plek besorg het. Hierdie prestasie het verseker dat sy as onder 16 speler in die SA span opgeneem is na die Wêreld Jeug Kampioenskap in Oktober in Griekeland. Sy sal hierdeur volle SA Kleure ontvang. (Die Wêreld jeugkampioenskap is die mees senior van alle Junior skaak toernooie). Sy is ook verder verwittig dat sy as amptelike reserwe opgeneem is vir die o/20 span, vir deelname aan die Afrikaspele in Libië.

OP DUATHLON KAMPIOENSKAP: Monique Gerber het aan hierdie hardloop-fietsry-hardloop wedstryd deelgeneem. Sy was ná die eerste hardloop 1min 30sek agter die voorste dame, sy het al die meisies met die fietsry ingehaal en uiteindelik die voorste dame 4km voor die einde verbygesteek. Monique het toe tydens die 2de hardloop daarin geslaag om voor te bly en sodoende die OP Titel gewen.

LANGBORD BRANDERPLANKRY: Carl Barnard is opgeneem in die OP span vir 2010.

SA TWEEKAMP KAMPIOENSKAP: Jamie-Lee Schlemmer het ‘n algehele 4de plek gekry vir dogters o/15 (Jamie-Lee is o/14). Sy het ook aan die SA “Biathlon” byeenkoms deelgeneem (hardloop/swem/hardloop) en daar het sy goud verwerf. Sy het verder ook ‘n goue medalje ontvang tydens die Oop Water Swemkampioenskap in Durban.

SA SKOLE ATLETIEKBYEENKOMS: Aleesha Gerber en Marolene Gouws het deelgeneem. Aleesha het in die 400m dogters o/17 'n algehele 6de plek behaal in die finaal en ook haar persoonlike beste tyd van 58.21 sek gehardloop. Dit maak haar die 6de vinnigste o/17 skoledogter oor 400m in Suid-Afrika vanjaar. Aleesha was ook deel van die o/19 4 x 400m aflosspan en het 'n goue medalje gewen. Marolene het aan die 5000m stap vir dogters o/17 deelgeneem en 'n algehele 5de plek behaal.

SA JEUG EN JUNIOR ATLETIEKBYEENKOMS: Aleesha Gerber en Marolene Gouws het ook aan dié byeenkoms deelgeneem waar net top atlete in die land deelneem. Uit 'n groep van 24 het Aleesha weer tot die finaal deurgedring en 'n algehele 8ste plek behaal. Sy was ook deel van die OP o/19 4 x 400m aflosspan wat weer eens met 'n goue medalje weggestap het. Marolene het deelgeneem aan die 5000m stap en 'n 4de plek behaal.

"PERFORMING ARTS": Corné Delport het gekwalifiseer as 'n finalis vir die SA Kampioenskap en het 'n silwer medalje ontvang.

Graad 12 2009: Die uitslae ná die Hermerk is soos volg:

Die top 12 kandidate is: Marné Nel (622 punte), Genevéve Deyzel (611), Willem Naudé (604), Marcelle Hattingh (600), Jeannè Scholtz (595), Ruben van Staden (593), Jani van Wyk (585), Nicola Alberts (574), Jason Miskin (574), Emma Kotze (573), Leoni Davis (564), Jacomien Hauman (563). 66% Leerders het toelating vir Baccalareus Graad-, diploma– of Hoër Sertifikaatstudie, 32% het toelating vir Diploma – of Hoër Sertifikaatstudie en 0,9% Hoërsertifikaat. 114 Kandidate uit 115 het geslaag.

Top 10 - Kwartaal 1

	Graad 8	**Graad 9**	**Graad 10**	**Graad 11**	**Graad 12**
1	Coetzee, Lize	Willemse, Zuandré	Barnardo, Toshka	De Ridder, Nikki	Theron, Annika
2	Van Eeden, Judith	Prinsloo, Karel	Du Toit, Christene	Matthee, Talana	Knoetze, Karien
3	Bouwer, Danaé	Loock, Danica	Fox, Trudie	Horn, Jeanroux	Röth, Gerhardus
4	Didloff, Dannika	Kapp, Alichia	Liebenberg, Bianca	Crouse, Lizé	Smith, Joné
5	De Ridder, Mieke	Redelinghuys, Roelien	Van Deventer, Jade-Chloé	Raubenheimer, Janien Gerber, Aleesha	Du Toit, Liesbet
6	Dippenaar, Margaretha Els, Jeandré	Fouché, Reino	De Jager, Lizé		Koen, Ruan
7		Ferreira, Simoné	Harris, Kim	Keller, Marlise	Nell, Karlien
8	Malan, Raymond	Kannemeyer, Mercy	Van Eeden, Elzaan	Prinsloo, Marinus	Greyling, Annette
9	Botha, Zuné	Booyens, Talita	Greyling, Cornelius	Henderson, Liezl	Annandale, Amari
10	Baartman, Heather	D'Assonville, Henri	Kotze, Zelda	Wilken, Tiani	Hechter, Rudolf

Gholf: Mieke de Ridder het aan die volgende deelgeneem: Extrusion World Open: 8ste (B-afdeling, meisies en seuns gemeng). Grens Dames Ope Amateur Kampioenskap: Strokeplay (36 gate) : 4de (B-afdeling), Matchplay: verloor 2-3 in semi-finaal. Fish River Junior Ope: Strokeplay (54 gate) : 4de (B-afdeling meisies en seuns gemeng). OP o/14 span Fish River Sun Interprovincial Gholf Challenge: Strokeplay (54 gate): 13de (meisies en seuns gemeng). South African u/18 Girls; Rose Bowl Championship: Strokeplay (54 gate): Gesamentlik 2de (B-afdeling). Sanlam SA Amateur Dames Kampioenskap: Strokeplay (54 gate) : 13de (B-afdeling), Matchplay: verloor 3-4 in die tweede rondte. Nomads SA Girls u/18 Championships, Orkney: Strokeplay (54 gate): 8ste (B-afdeling).

Binnenshuise Krieket: Mieke de Ridder het OP Kleure verwerf deur vir die o/15 OP span gekies te word. Sy was die enigste meisie in die span. Die span het tydens die toernooi uitstekend gevaar en ‘n goue medalje ontvang. Ná afloop van die toernooi is sy weer vir die o/15 span gekies, weer eens die enigste meisie.

Modelwerk: Mari-Lu van Vuuren het aan die NMC te Pretoria deelgeneem. Sy het 8ste geëindig uit ‘n totaal van 60 deelnemers. Sy is ook raakgesien deur die internasionale fotograwe Fanjam. Sy was een van 20 uit die 400 deelnemers wat deurgedring het na die “callback” rondte.

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE 2DE KWARTAAL (Hersiene weergawe)

MEI

5 - Seunshokkie 1ste span vs Bergsig (T), o/16 Seunshokkie vs Westville (TBC)
6 - Seunstennis, 1ste & 2de vs Despatch (W)
7 - Muurbal vs Westering (T)
8 - Netbal vs Linkside (T), Rugby vs Humansdorp Sekondêr (T) D/hokkie o/16 vs Alex (T) 1ste & 2de span vs Linkside (T)
11 - Dogterstennis vs Westering (T), Seunstennis vs DP (W)
12 - Seunshokkie 1ste span vs DP (W), o/16 Seunshokkie vs Uitenhage1 (T)
13 - Beginners D/hokkie vs Strelitzia (W), 2de D/hokkie vs Alexandria (W)
14 - Muurbal vs Framesby (W) Londtpark
15 - Netbal/Rugby /D-hokkie/ S/hokkie vs Westering (W),
19 - o/16 Seunshokkie vs Westville (TBC)
22 - Netbal/Rugby/D-hokkie vs Despatch (W), Seunshokkie 1ste span vs Grey 4 (te NMMU)
24 - Eksamen begin
26 - 1ste Seunshokkie vs Sanctor (te Gelvandale)
29 - Netbal (Loslootjie), Rugby vs HTS Newton (T), Beginners D/hokkie vs Riebeeck (T)

JUNIE
9-12 Cambridge Toernooi (Rugby 1ste span) te Oos-Londen. Eksamen eindig.
Laaste week van die Junie vakansie - 1ste D/hokkie vs Vaalpark (T)

UITSLAE

RUGBY: DF vs Cillié. o/14 wen 30-15, o/15 wen 34-0, 3de wen 55-0, 2de verloor 5-25 en die 1ste span wen 14-6. Puntemakers R Prinsloo (Drie) en Strafskoppe A Korf (3). DF vs Alexander Road. DF o/14 verloor 19-21, o/15 wen 47-0, 3de wen 41-0, 2de wen 17 -15 en die 1stes verloor 10-13.

NETBAL: DF vs Cillié. o/14A wen 12-8, 0/14B wen 9-0, o/16C wen 9-5, o/16B wen 12-5, o/16A wen 11-9, o/19B wen 19-6 en o/19A wen 30-11. DF vs Alexander Road. o/14B wen 12-5, o/14A verloor 3-4, o/16C verloor 4-10, o/16B verloor 6-7, o/16A wen 6-3, o/19D wen 26-6, o/19C gelykop 17 elk, o/19B gelykop 10 elk en 19A wen 42-5.

SEUNSHOKKIE: o/16 span vs HTS Newton: gelykop 0 elk. 1ste span vs Framesby: wen 5-2. 2 Doele deur JP Cronje en 3 Doele - Riegardt Pienaar.

MUURBAL: DF vs Harvest en wen al hul wedstryde. Spelers: Ruan van Wyk, Hein Bosman, Annica Geyer, Stephan Uys en Ruan van den Heever.

LANDLOOP: Jamie-Lee Schlemmer (Graad 8) het die dogters o/19, o/17, o/16, o/15 en o/14 afdeling gewen. Do/16 Raylene Windvogel (7de), Do/17 Marolene Gouws 3de en Nikki de Ridder (5de), Do/19 Meake Brown (5de), So/14 Nico Woest (8ste) en So/19 Bennie Bellingan (3de).

FIETSWEDREN: Marinus Prinsloo het aan die Engen Dynamic Fietswedren deelgeneem en die 3de posisie behaal in die Junior afdeling van die 100km.

KORPORATIEWE YSTERMAN WEDREN: (380m swem, 18km fietsry en 4.2 km hardloop). SEUNSPAN (TROFEë): Marinus Prinsloo/Bennie Bellingan/Framesby atleet. Hulle behaal die 2de skoolspan posisie en die 8ste algehele plek. (51min: 28sek)

DOGTERSPAN: Zuandré Willemse/Jamie-Lee Schlemmer/Monique Gerber: Hulle behaal die 1ste meisie skoolspan posisie en was 3de onder die vroue algeheel. (60min:14sek)

"PERSONEELSPAN": (me Carstens, me Sandra Ferreira en Meake Brown) was die 5de vrouespan.

BALDANS: Die Baldans Interskole het Saterdagmiddag en -aand by Alexander Road Hoër plaasgevind. Al die DF pre-brons dansers het deurgedring na die finaal en Mercy Kannemeyer en Corné Delport het deurgedring tot die Brons-finaal. Beide pare, Clifford Alberts, Simoné Steyn, Mercy Kannemeyer en Corné Labuschagné het 'n algehele 3de plek behaal. DF was vierde algeheel en het onder andere vir Framesby en Pearson geklop!

HERWINNINGSPROJEK

Ons het dié kwartaal begin met die herwinning van afvalmateriaal. 'n Maatskappy in die stad is bereid om ons rommel te koop! Daar is aparte houers vir onderskeidelik papier, sagte plastiek (bv broodsakkies), koeldrankblikkies en koeldrankbottels.

Dit sal die projek 'n groot hupstoot gee as almal saamwerk en ons voorsien van dié weggooi-bare goed en dit in die regte houer plaas. Ons kan die skool mooi skoon hou en rommel in kontant verander!

Gedenkweek

U het reeds kennisgewing van die Gedenkweek in ons vorige omsendbrief ontvang. Ons hou dit so na moontlik aan die verjaardag van prof. dr. D.F. Malherbe om hom te huldig, en om ons liefde vir Afrikaans op te skerp. Die leerders se produksie DIE VLUG beloof om iets besonders te wees. Ons was bevoorreg om prof. Willie Esterhuyse te kry vir die Gedenklesing op 13 Mei 2010, en Andriëtte Norman (14 Mei 2010) bly 'n baie gewilde kabaret-kunstenaar.

Dié week is jaarliks 'n hoogtepunt op ons kalender, en ons wil u uitnooi om dit te ondersteun. Dankie ook aan die OOV en leerders wat reeds baie hard hieraan gewerk het!

11 & 12 Mei 2010
DFM SKOUSPEL - "Die Vlug"

Tyd: 19:00
Koste: R40 per volwassene
R30 vir leerders/kinders

Die Vlug beloof om iets heel besonders te wees. Hou die datums oop - stampvol gehore op elke aand sal vir die hardwerkende en talentvolle leerders groot beloning wees. Kaartjies beskikbaar in die biblioteek by mev Keyser. Dit beloof om 'n genotvolle en inspirerende produksie te wees!

13 Mei 2010
D.F. MALHERBE GEDENKLESING

GASSPREKER: Prof. Willie Esterhuyse
Tyd: 20:00
Toegang: Gratis

14 Mei 2010 - KABARET

Andriëtte Norman, **Tyd:** 19:00
Koste: R80 per person
Plekbespreking - Mev Keyter 041 5813145

Dankie vir u aandag!
Vriendelike groete

P. HAUMAN
SKOOLHOOF

GOUE GEDAGTES

Die lewe word nie gemeet aan hoeveel keer ons asemhaal nie, maar hoeveel keer ons asem weggeslaan word - kom geniet dus die Gedenkweek saam met DF ondersteuners!!!

Simpatie

Siabonga Johannes, 'n graad 8 leerder van DF, se suster is oorlede.